




'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

Tydens die Algemene Verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, het die Herenigde Nasionale Party in die kiesafdeling Frankfort die verkiesingssteun van die O.B.-lede verkry toe die H.N.P.-kandidaat, kol. L. B. Döhne, tans L.V., 'n openlike onderneming van sy teenkantiig teen diskriminasie gegee het.

Hy het onderneem:

„(1) Ek die ondergetekende, amptelike kandidaat van die H.N.P. met die aanstaande Volksraad-verkiesing, wat op 26 Mei e.k. staan gehou te word, **ONDERNEEM OM OPENLIK EN PUBLIEK OP MY VERGADERINGS, MY EREWOORD TE GEE, DAT EK VOORTAAN GEKANT IS TEEN DISKRIMINASIE TEEN DIE O.B., EN EK ONDERNEEM VOORTS OM MY VOORTAAN OPENLIK TE BE-YWER OM DAARDIE DISKRIMINASIE VERWYDER TE KRY.**

„(2) Met die oog op bogemelde onderneming, verklaar die ondergetekende offisier van die O.B. dat die houding van bogemelde kandidaat ten seerste waardeer word en onder die aandag van elke lid van die Beweging in die distrik Reitz gebring sal word met die dringende aanbeveling dat sy kandidatuur op 26 Mei e.k. die volste ondersteuning van elke sodanige lid moet geniet.

„Onderteken te Reitz op 18 Mei 1948:

J. J. B. Döhne (Kandidaat van die H.N.P.).
J. G. de Jager (Hoofkommandant van die Ossewabrandwag).”

Waarom is in Desember 1948 minder gehoor van teenkantiig teen diskriminasie toe die H.N.P.-leiding spesifiek teen O.B.-lede gediskrimineer het deur te weier om hulle as A.P.-kandidate te aanvaar?

GROOT GEESDRIF VIR VRYHEIDSDAG

Uit verskeie afdelings is berigte ontvang dat Vryheidsdag vanjaar weer soos gewoonlik gevier sal word. 'n Nuwigheid is dat hierdie jaar op verskeie plekke groot sentrale feeste in plaas van afsonderlike kommando-feeste gevier sal word.

Weens die feit dat Vryheidsdag vanjaar op Sondag val, sal die dag nie vanjaar op 27 Februarie gevier word nie, maar

op die ses-en-twintigste. Vanaf die kruin van Amajuba tot aan die verste uithoeke van ons land sal die Vryheidsbelofte weer hernu word en die vlamme hoog opslai.

Hoewel die Noodhulpfonds nou afgesluit is, is dit niemin noodsaaklik dat eenhede fondse insamel. Hiervoor rus die taak op elke Brandwag en Offisier.

H.N.P. WIL TOETS OF SAMEWERKING NODIG IS

Nadat die offisiere van Suid-Transvaal, by geleentheid van die laertrek in Johannesburg, noukeurige aandag geskenk het aan die politieke toestand, het die Stafhoof, genl. Barry Grobler, opdrag gekry om die volgende omsendbrief, in aanvulling van die verklarings van die Grootraad, aan die Gebied se kommandos uit te stuur:

Sê Offisiere Van Suid-Transvaal

Berig Onjuis Dat A.P.-Voormanne Met Verkiesing Help

Verlede week het die Vrystaats H.N.P.-koerant, Die Volksblad, in 'n groot voorblad-berig aan sy lesers vertel: „Die Nasionale Party en die Afrikaanerpary gaan hand aan hand die provinsiale verkiesingsveldtog in die Vrystaat voer. Reeds twee voormanne van die Afrikaanerpary het laat weet dat hulle saam met die Vrystaats leier van die Nasionale Party, adv. C. R. Swart, Minister van Justisie op een verhoog sal optree.” Die koerant vertel dat die verkiesing „belangrik” is en dat met die oog hierop „ook voormanne van die Afrikaanerpary aan die verkiesingsveldtog deelneem.”

Op 4 Februarie het Die Burger, hooforgaan van die H.N.P. sy Vrystaats kollega soos volg nagepraat:

„Die Nasionale Party en Afrikaanerpary in die Vrystaat gaan die provinsiale verkiesing hand aan hand veg. Twee voormanne van die Afrikaanerpary het reeds laat weet dat hulle vergaderings saam met mnr. C. R. Swart, Vrystaats leier van die Nasionale Party, en Minister van Justisie, sal toespreek.

„Hulle is dr. D. G. Conradie L.V. vir Uitenhage en sen. J. J. van Rensburg. Dr. Conradie en min. Swart sal in Bloemfontein 'n vergadering toespreek en sen. Van Rensburg het ingewillig om op Brandfort, in die kiesafdeling Petrusburg, 'n vergadering saam met min. Swart toe te spreek.”

„MISVERSTAND”

Op 7 Februarie moes Die Burger egter aan sy lesers meedeel dat die eerste berig 'n „misverstand” was. Onder die opskrif: Twee L.V.'s verwar in uitnodiging sê die Blad:

„Daar het misverstand gekom oor die naam van adv. J. H. Conradie, L.V. wat saam met mnr. C. R. Swart, Minister van Justisie, 'n openbare vergade-

ring in Bloemfontein ter ondersteuning van die vyf Nasionale kandidate vir die Bloemfonteinse provinsiale setels sal toespreek.”

„Mnr. M. P. A. Malan, hoofsekretaris van die Nasionale Party in die Vrystaat, het aan Die Burger se verteenwoordiger gesê dat hy mnr. P. J. C. du Plessis L.V. versoek het om dr. D. G. Conradie L.V. te nader om die vergadering toe te spreek. Later het uit 'n telefoongesprek tussen mnr. Malan en Dr. Plessis geblyk dat mnr. Du Plessis nie vir dr. Conradie nader maar vir adv. Conradie genader het.”

GEWEIER

Mnr. Harm Oost L.V., uniale voorsitter van die A.P., het Die O.B. meegedeel dat sen. J. J. van Rensburg uitgenooi is om saam met H.N.P.-sprekers op te tree, maar dat hy geweier het.

Die Vaderland berig dat dr. D. G. Conradie in 'n onderhoud ontken het dat hy ingestem het om sekere vergaderings in die Vrystaat toe te spreek. „Dr. Conradie het verwys na die besluit van die hoofbestuur van die Afrikaanerpary, waarvolgens die Afrikaanerpary nie aan die aanstaande, provinsiale verkiesings sal deelneem nie,” aldus Die Vaderland.

„Sedert 1941 veg die Ossewabrandwag 'n verbete stryd vir die reg van bestaan van 'n Republikeinse Volksbeweging binne die geleedere van die Nasionale Afrikanerdom. Hierdie bestaansreg word voortdurend betwis deur die leiers van die H.N.P. Hulle stel net een onverbiddele eis vir die staking van hul vyandskap teen die O.B. Die eis is: Die O.B. moet ontbind. Dis egter nie maklik om aan hierdie eis te voldoen nie.

„'n Organisasie waarin tien-duisende Afrikaners vir tien jaar lank bande van kameraadskap gesmee het — 'n organisasie met die slagspreuke „ek is my broer se hoeder” en „die Afrikaner wat verkeerd stem staan nader aan my as die Jood wat reg stem” — so 'n organisasie kan nie ontbind word nie, selfs nie eers deur die Grootraad nie.”

SLUIER GELIG

Ten aansien van die aanstaande verkiesing verklaar die offisiere:

„Gedurende die Algemene Verkiesing is voorgegee deur die H.N.P.-leiers en hul organiseerders, dat dit in werklikheid Mnr. Havenga was wat geweier het om Mnr. Louis Boothe en John Vorster as kandidate te stel, omdat hulle lede van die O.B. is.

„Ons het indertyd 'n omsendbrief aan ons lede gestuur waarin ons verduidelik het dat die beswaar van die kant van dr. Malan gekom het.

„Nou is die sluier gelig deur (vervolg op bl. 6, kol. 3)

,Skinderstories Moet End Kry'

300 Offisiere was aanwesig toe die vergadering van Suid-Transvaalse offisiere van die O.B. op 29 Januarie deur die Gebiedsleier, genl. Gerrie Opperman, in Johannesburg geopen is. (Foto langsna).

Genl. Opperman het die ver-

gadering meegedeel dat die Grootraad aanbeveel het dat dr. Hans van Rensburg aangewys word as Leier van die Ossewabrandwag vir 'n verdere tydperk van twee jaar. In 'n kragtige rede het genl. J. D. Herholdt (Oos Rand) die aanbeveling van die Grootraad namens die offisiere van Suid-Transvaal gesteun, waarna die offisiere dit staande bevestig het en die K.G. toegesing het „Die Heer se seën sal op u daal.”

Die K.G. het in sy toespraak sy innige dank betuig aan die offisiere vir die vertroue wat hulle in hom stel. „Ek besef dat dit vir my makliker is om by julle te staan, as wat dit vir julle is om by my te staan, omdat julle onder die breë lae van die volk as skokbrekers dien teen die skinderveldtogte wat teen my persoon gemik is”, het die K.G. verklaar.

Die offisiere is bitter ontvrede oor die skinderstories wat daar gedurig teen die K.G. en die Ossewabrandwag versprei word en voel dat dinge nou te ver gaan en daar 'n einde aan moet kom.

Die verrigtinge het in die Darraghzaal plaasgevind. (Berig: B. Grobler, De Villiersstraat 15, Johannesburg)



Kleitrappery Voor Die Verkiesing

Die Verenigde Party en die Herenigde Party se kandidate is verlede week kant en klaar genomineer en die provinsiale verkiesingstryd het derhalwe in alle „erns” begin. Sowel die V.P. as die H.N.P. het reeds hul verkiesingsmanifeste gepubliseer. Al wat nog gedoen moet word is om geesdrif vir die verkiesings by die kieserskorps op te klop! Dan sal die partye gespanne wag vir die Groot Dag wanneer hulle met duisende motor-karre tienduiseende deeglik gepeperde kiesers na die stembusse sal aanry.

Die H.N.P. het dit vir sy bondgenoot, die Afrikanerparty absoluut onmoontlik gemaak om enige deelname hoegenaamd aan die verkiesing te hê, met die gevolg dat die verkiesings die toets gaan wees vir die H.N.P. om vas te stel of die party die land alleen kan regeer — sonder mnr. Havenga en die Afrikanerparty. Die uitslag van die verkiesing sal derhalwe bepaal of die H.N.P. in die toekoms te vinde sal wees vir Afrikanersamewerking of nie.

KLEITRAP

Ek vind dit moeilik om die indruk te vermy dat die H.N.P.-leiding senuweeagtig is oor die toets wat voorlê. Daar is beslote aanduidings dat die leiers op die vooraand van die provinsiale verkiesings kleitrap — iets wat hulle nie tot so 'n mate op die vooraand van die volksraadsverkiesing gedoen het nie.

In die H.N.P. se verkiesingsmanifeste word nie 'n woord gerep oor provinsiale aangeleenthede, soos onderwys, hospitale en paaie nie. In die V.P. se manifeste daarenteen word breedvoerig uitgewei juis oor hierdie aangeleenthede. Hoewel die H.N.P. aanvoer dat provinsiale verkiesings gewoonlik op partylyne en oor partypolitieke kwessies geveg word, kan die H.N.P. darem nie aanvoer dat dit gladnie oor provinsiale aangeleenthede gaan nie. Deur 'n provinsiale verkiesingsmanifest af te kondig waarin nie 'n woord oor provinsiale sake gerep word nie, het die H.N.P.-leiers 'n onnodige voorsprong aan die

V.P. besorg—'n voorsprong wat die V.P. in sy eie manifeste uitgebuit het.

VERERGER

Die manifest leemte word vererger deurdat die H.N.P. gelyktydig 'n parlementêre kommissie aanvaar om die natuurelvraagstuk uit die

POLITIEK IN OENSKOU DEUR WAARNEMER

partypolitiek te lig en 'n verkiesingsmanifest uitvaardig waarin die natuurelvraagstuk weer heelhuids in die partypolitiek gedompel word.

Bowendien gaan ministers Eric Louw en Hans Strydom uit hul pad uit om die kwessie van die verskande klousules by die hare in die verkiesing te sleep. Min. Louw vertel op Johannesburg dat die afskaffing van die tweede bepaling „onafskiedbaar van die Nasionale Party se verklaarde beleid is”; en min. Strydom troef dit op Victoria Wes met die woorde: „die verskande stemregbepalinge kan met 'n gewone meerderheid verander word.”

In die Volksraad is die kwessie of die verskande klousules van die grondwet met 'n twee-derde meerderheid, of met die volkswil, of met 'n gewone meerderheid gewysig moet word onseil deur die aanstelling van 'n kommissie van alle partye. Nou haal hierdie twee ministers die saak weer op — maar buitekant die Volksraad. Waarom? Vra die

H.N.P. 'n mandaat by die verkiesing om die verskande klousules met 'n gewone meerderheid te wysig? Indien wel, waarom vra die party dit dan nie uitdruklik nie? Wanneer 'n politieke party by 'n verkiesing die kiesers in twyfel laat oor sy bedoelings, dan is daar beslis iets verkeerd.

TWEE VRAE

Die H.N.P.-propaganda het in die jongste tye twee interressante vrae onbeantwoord gelaat:

● Die eerste vraag is: Waarom is die H.N.P. so gretig om die O.B. aan die V.P. te koppel dat dr. Malan persoonlik in die Volksraad gepraat het van die V.P. wat dan hand om die nek met die O.B. sou sit? Dr. Malan weet tog dat die meeste O.B.-lede getroue lede van die Afrikanerparty is.

● Die tweede vraag is: Waarom is die H.N.P.-koerante so traag om die Afrikanerparty se ampelike houding in die verkiesing aan hul lesers mee te deel? 'n Koerant gee tog gewoonlik publisiteit aan sy bondgenoot se standpunt.

Die Provinsiale Verkiesing

Verlede Dinsdag het die partye hul kandidate wat die Provinsiale-verkiesingstryd gaan veg amptelik genomineer. Daar is 171 provinsiale kiesafdelings in die Unie. In 128 sal verkiesings plaasvind. Die V.P. het 122 kandidate in die veld teenoor 114 van die H.N.P. Voorts

Truman Laat Hom Nie Vang Deur Stalin-Set

Pres. Harry Truman het Stalin laat weet dat hy nie bereid is om samesprekings oor 'n vredesverbond te voer soos Stalin vroeër verlede week voorgestel het nie.

Stalin het verklaar dat Rusland bereid is om 'n gesamentlike verklaring met die Verenigde State te maak waarin oorlog as onwettig verklaar sal word en dat hy bereid is om pres. Truman te ontmoet.

diktator wat die wêreld al meer as een keer verras het met sy uiterlike sagsinnigheid terwyl dit slegs strategiese skuie op die skaakbord is om sy verowerings- en inpalmingsbeleid te verwesenlik.

In sy jongste verklaring nooi Stalin pres. Truman uit na Rusland vir samesprekings. As Truman nie daar wil gesels nie, kan hy self 'n plek aandui in Pole, of Tsjeggo-Slowakye. Hy self het 'n begeerte om Washington te besoek, maar word deur sy dokters verbied, so verklaar Stalin.

MANEUVER

Mnr. Dean Acheson, die V.S.A. se Buitelandse Minister het sy land se standpunt ten opsigte van Stalin se manewer baie duidelik gestel.

Die feit dat Stalin die V.S.A. genader het deur middel van 'n koerantman en nie van die gewone diplomatieke kanale gebruik gemaak het nie, lewer bewys dat dit 'n propogandasat is en nie 'n eerlike poging nie. Bowendien sal die V.S.A. onder geen omstandighede sy Westerse bondgenote verrai deur 'n ooreenkoms met Sowjet-Rusland agter hul rug aan te gaan nê.

Die Britte is besonder in hul skik met die Amerikaanse houding, en in Britse sowel as in Amerikaanse blaie word instemming daarmee betuig.



PRESIDENT H. TRUMAN

Hierdie sakte woorde van Stalin waarvolgens hy hom voordoen as apostel van vrede, is egter maar net 'n slim taktiek van die Kommunistiese

Leuens Oor S.A. In Buiteland

Sterk misnoë en ernstige besorgdheid oor die leuenagtige berigte wat oor Suid-Afrika in die buiteland verskyn, is deur die Eerste Minister uitgespreek.

Die Minister het voorbeelde aangehaal van berigte wat in die buiteland verskyn het na aanleiding van die Durbanse onluste. „Hierdie soort van ongegronde en gevaarlike beriggewing oor sake van die Unie word tans so ernstig en so groot in omvang dat die regering nie kan na-laat om sy ernstige besorgdheid daaroor te kenne te gee nie,” het dr. Malan gesê.

Kersfees- Funksie

'n Aangename Kersfeesfunksie is gehou by die huis van komdte. M. M. J. du Plooy, Bloemfontein. Na 'n toespraak van genl. Fourie en 'n voordrag deur een van die dames was die kleinspan verras met 'n pragtige Kersboom en mooi geskenkies. Mnr. Ackerman het die mooi rol van Kersvader gespeel. Gen. Strachan het as sereemoniemeester opgetree. (Ingestuur)

Wil Na Indië

Sowat twintig Durbanse Indiërs het gevra om na Indië gepatriëer te word kragtens die staatskema. Dit is die grootste aantal wat sedert die oorlog aansoek gedoen het om hulp. Die onlangse onluste in Durban word genoem as die rede waarom hulle Suid-Afrika wil verlaat.

Wat Witbrood Kos

Uit die Addisionele Begroting wat die afgelope week in die volksraad ingedien is blyk dit dat daar vanjaar 'n subsidie van £6,200,000 op witbrood betaal word. Die subsidie op ingevoerde koring beloop £1,005,000.

BRITSE L.V. BEDANK

Mnr. John Belcher, een van die hooffigure in verband met die korrupsie in die Britse regering, het bedank as lid van die parlement. Hy het ook reeds bedank as sekretaris van handel.



BEROEMD en WELBEKEND

oor die 66 jaar vir

BESTE WAARDE

in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE

HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

'PARTYPOLITIEK VERYDEL OPBOUENDE VOLKSWERK'

Die partystelsel in Suid-Afrika dien slegs om konstruktiewe volkswerk waarin die Calvinistiese element hom kan laat geld, te ontsenu en te verydel, skryf prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad van die O.B., in 'n artikel in die tweemaandelikse tydskrif, Koers, waarin hy aantoon dat die anti-partyhouding van die O.B. nie on-Calvinisties is nie. Prof. Van Rooy toon ook die gebreke van die seksionele politieke organisasies aan waardeur die volksmassa geen geleentheid kry om in volkswerksaamhede betrek te word nie behalwe om elke vyf jaar te gaan stem.

Prof. Van Rooy skryf onder die opskrif „Die Calvinis in die Ossewabrandwag“. Nadat hy die ontstaan van die O.B. geskets het en aangetoon het hoe die vrywing ontstaan het toe die O.B. voor 'n situasie geplaas is dat hy verplig was om sy standpunt teenoor die party-politiek te stel, skryf hy verder:

„Die O.B. is pro-volk. Daarmee kan ek my as Calvinis volkome verenig. Die O.B. is egter ook anti-party. Volg die een noodwendig uit die ander? Of moet laasgenoemde beskou word as 'n bykomstige element wat met eersgenoemde geen noodwendige verband het nie? En dan nog die vraag: kan die anti-party houding van die O.B. gerym word met 'n Calvinistiese staatsopvatting?

„Voordat op hierdie vrae ingegaan word, moet ons ons eers 'n bietjie oriënteer en

seker maak dat ons onself nie deur 'n vreemde bril besien nie. So kan dit feit wees dat die volksgedagte sowel as die anti-party gesindheid van die O.B. regstreeks verband hou met Hitler se nasionaal-sosialisme; dit kan egter ook radikaal daarvan verskil.“

PARTYSTELSEL ONTSENU

In die lig van hierdie beskouing gaan prof. Van Rooy voort: „Ons gevolgtrekking is dat 'n anti-partyhouding nie per se on-Calvinisties hoef te wees nie. Ons wil hier verder gaan en beweer dat die partystelsel in Suid-Afrika slegs dien om konstruktiewe volkswerk waarin die Calvinistiese element hom kan laat geld, te ontsenu en te verydel. Daardoor later meer, eers moet die ander vraag nog behandel word naamlik of en in

Prof. Van Rooy Oor Calvinisme In O.B.

hoeverre die anti-partygesindheid van die O.B. nasionaal-sosialisties van aard is. Beweer word o.a. dat die gesagstaat van die O.B. 'n diktatorskap veronderstel.

Hierdie bewering en ander van dieselfde kaliber word deur geen enkele Grootraadsbesluit of offisiële stuk van die O.B. bevestig nie en moet dan ook kategoriees verwerp word as kwaadwillig en ongegrond. Wat bedoel die O.B. met sy gesagstaat? Dit, in kort: Dit is 'n staat wat 'n regering sal hê wat regeer en



PROF. D. J. VAN ROOY

'n behoorlik saamgestelde volksraad wat die belange van die volk by die regering sal verteenwoordig.


„So 'n regering veronderstel in die eerste plek 'n president deur die volk gekies, wat dan sy kabinet saamstel ooreenkomstig die republikeinse tradisie van die Afrikaner. 'n Lid van die regering sal nie terselfdertyd 'n volksverteenvoorder kan wees nie. Hierin lê immers 'n teenstrydigheid opgesluit, dat n.l. 'n lid van die regering die volk by daardie selfde regering kan verteenwoordig. Dit word vererger deur die dubbele ongerymdheid dat die Ministers partyleiers bly en die partyleiers Ministers is. Daarom kan daar nouliks sprake wees van 'n volksregering, daarom ook moet die Opposisie hom geroepe voel om altyd en oral te opponeer — party teen party.

VOLKSTAAT

„Ons het tydens die oorlog met 'n aantal groot woorde kennis gemaak en hulle in die broederstryd na hartelus mekaar teen die hoof geslinger, dikwels sonder dat die betekenis van so'n groot woord volkome begryp is. Een daarvan was die woord 'totalitarisme'. Die Duitse gesagstaat was totalitêr, alles omvattend. Die staat het op alle terreine van die volkslewe beslag gelê, en aan die Führer is die mag gegee om op elke gebied as die verpersoonlike volkswil die leiding te neem. Dit is beslis nie die gesagstaat wat die O.B. hom vir Suid-

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES Met Verbasende Uitslae GEEN MEDISYNE! GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig
Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

• **Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!**

Kleinlikheid Moet End Kry Waarsku A.P.-Blad

„Daar moet besef word hoe anders hierdie vertroudebat kon gewees het as mnr. Havenga hom laat lei het deur dieselfde gees as wat daar in die jongste verlede teenoor hom en sy party deur sommige van sy medenasionaalgesindes geopenbaar is,” skryf die Vaderland na aanleiding van die mosie van vertroue in die regering waarin die Afrikanerparty die deurslag gegee het.

In die vertroudebat het die Hertzog-gees weer werkdadig geword. „En dit spreek vanself dat mnr. Havenga, wat tot die politiek terug gekeer het om daardie leer te verkondig en die samewerking van alle Afrikaners daarvoor te verkry, 'n invloed in landsake laat geld het heeltemal buite verhouding tot sy kort maar meesterlike toespraak. Dit is nou ooreenkomstig duidelik dat hy 'n invloed in die land is wat hoegenaamd nie te meet is aan sy ledetal van nege lede in die Volksraad nie. En so lank die huidige regering hom handhaaf op sy standpunt van eerbied vir die regte van mede-burgers, solank sal hy triomfeer oor sy teenstanders.

KLEINLIKHEID

„Laat ons hoop dat die manne aan die bewind steeds sterk sal staan teen kleinlikheid. Dit was reeds 'n geweldige skok toe daar oorlê is om die Afrikanerparty geen aandeel in die Provinsiale verkiesings te gee nie deur die moedswilligheid wat in die Vrystaat begaan is oor die toesegging van setels, sowel as elders oor die keuring van kandidate. Hierdie dinge moet end kry.“

Die blad verklaar dat mnr. Havenga hom vasberade onthou het van wrokgedagtes en sy gedrag tydens die debat laat bepaal het deur die noodsaaklikheid om die Afrikanerdom tot een blok saam te smee.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



Die Vriendelike Sigaret

Hoe aangenaam is dit tog om vier persone bymekaar te kry en kaart te speel en dan na elke pot te ontspan en die aangename, koel smaak van 'n Kommando-sigaret te geniet.

Om elke genot af te rond, rook

Kommando
, In die Stad Rond'



PAKKIES VAN
10, 20 EN 50 MET
OF SONDER KURK

DIE O.B., WOENSDAG, 9 FEBRUARIE 1949

PRAKTIESE SAMEWERKING

Die huidige bewind is besonder gesteld daarop dat in die buiteland nie verkeerde of valse indrukke aangaande die regering se beleid en beskouinge opgewek word nie. Ten spyte van die positiewe maatreëls wat die regering reeds getref het om moontlike wanindrukke in die buiteland te verwyder, vind Ministers dit tog nodig om van tyd tot tyd te kla dat die Opposisieparty se propaganda teen die Regeringsparty verantwoordelik daarvoor is om juis wanindrukke in die buiteland te bestendig.

Dit lê nou eenmaal in die aard van ons partypolitieke stelsel dat 'n Opposisieparty 'n Regeringsparty sal kritiseer en ons vrees dat die huidige Opposisieparty daarin sal slaag om „wanindrukke” in die buiteland te skep solank as wat die buiteland meer waarde heg aan die propaganda van die Opposisieparty as aan die Regeringsparty s'n.

DIE BUITELAND

Maar die welwillendheid van die buiteland is op die huidige stadium vir Suid-Afrika van die allergrootste belang.

In die eerste instansie omdat die Afrikanervolk nie langer kan uitstel om aandag te skenk aan die ingewikkelde kleurverhoudings in ons land nie. Die mate van sukses wat in hierdie verband behaal kan word, hang ongelukkig ten dele saam met die mate van simpatieke begrip wat die buiteland vir ons besondere rasseprobleme openbaar.

In die tweede instansie het die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog en boonop die agressiewe aard van moderne Russiese imperialisme die afhanklikheid van soewereine state aan mekaar geweldig vergroot. Die na-oorlogse ontwikkeling is derhalwe dat groot magsblokke gevorm word en dat soewereine state, terwille van selfbehoud, deel van die magsblok word. Dat selfs tradisionele neutrale lande hul redding in blokvorming sien, bewys die jongste pogings van die Skandinawiese lande om tot die Westerse of Atlantiese blok toe te tree.

DIE TWEE STEMME

Vanselfsprekend is dit vir elke soewereine volk van die allergrootste belang om as soliede geheel, wat met één stem praat, in die blok te opereer. Maar dit is juis Suid-Afrika se tragedie. Ons is aangewese op die Atlantiese blok. Insteede egter dat ons Westerse vriende één stem uit Suid-Afrika verneem, hoor hulle twee stemme. Die eerste gaan deur vir die „demokratiese”-stem en is afkomstig van die Opposisieparty; die tweede word voorgestel as die sogenoemde „nazi”-stem van die regeringsparty.

Gelukkig egter verloor hierdie teenstelling aansienlike krag vanweë die feit dat selfs die buiteland nie twyfel aan die goeie trou van mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, nie.

VOLKSBEWEGING

Die huidige tweeslagtige situasie, wat sy oorsprong ongetwyfeld gedeeltelik in die partypolitieke stelsel het, besorg egter die regering heelwat hoofbrekens en berokken die land heelwat skade.

Die Ossewabrandwag glo dat sy prinsipiële strewe na 'n eenheidsvolk, saamgesnoer in 'n omvattende volksbeweging en na 'n eenheidstaat, 'n noodsaaklike na-oorlogse nasionale ontwikkeling is wat, afgesien van die groot binelandse voordele daaraan verbonde, terselfdertyd ook tweeslagtigheid in ons buitelandse verhoudings sal uitskakel.

KERNVRAAGSTUKKE

Vir die huidige omstandighede het die Grootraad in sy jongste verklaring praktiese samewerking oor kernvraagstukke aan die hand gedoen. Ten aansien van die natuurle-vraagstuk is reeds sodanige begin gemaak toe die leiers van die vernaamste politieke partye in beginsel saamgestem het dat die saak uit die partypolitiek gelig moet word. Sodanige stap sal beslis bydra om die buiteland te oortuig dat die blanke in Suid-Afrika eensgesind en sonder bybedoelings ons kleurvraagstuk probeer oplos.

Dit is die regte weg om te volg en daarop moet voortgewandel word. Die Ossewabrandwag het by voorbaat verklaar dat hy met sy mede-Afrikaner, hetsy Engels- of Afrikaanssprekend, op hierdie pad sal saamloop.

MAATSKAPLIKE BELEID: DIE HUISGESIN

By die bepaling van die gesinsbeleid moet die gesin opgevat word: ten eerste as groep, ten tweede as 'n geheel en ten derde as die vernaamste onderdeel van die volk.

Binne die gesin as groep bestaan bepaalde verhoudings ten aansien waarvan onderskei moet word tussen (i) die „man-vrou”-verhoudings, — dit is die gewone huweliksverhoudings; en (ii) die „ouer-kind”-verhoudings, — dit is die egte gesinsverhoudings.

In die volkslewe het die huweliksverhoudings 'n beperkte betekenis terwyl die gesinsverhoudings 'n ruime en fundamentele betekenis het.

Die gesin moet as 'n geheel in oënskou geneem word omdat dit 'n natuurlike maatskaplike groep is en omdat die mens in die eerste plaas gesinsmens is en nie 'n blote individu nie. Binne die gesinsverband is die lewensbestaan en -bestemming van die een gesinslid onafskeidelik aan dié van die ander verbonde.

Die gesin moet steeds as die vernaamste onderdeel van die volk beskou word omdat die bestaan en voortbestaan van die volk daarsonder ondenkbaar is. Die gesin is in 'n sekere sin die volk in die klein.

FUNKSIES VAN DIE GESIN

Die belangrikheid van die gesin in die volkslewe kan die beste aangetoon word deur op die onderskeie funksies van die gesin te wys:

(i) **Biologies:** Die biologiese funksies van die gesin kom neer op stelselmatige voortplanting in die diens van die gesonde biologiese voortbestaan en groei van die volk (d.w.s. in gehalte sowel as getalle).

(ii) **Ekonomies:** Die ekonomiese funksie van die gesin beteken dat daar op 'n menswaardige wyse voorsien moet word in die noodsaaklike en ander lewensbehoefte van die gesinslede in die diens van die gesonde biologiese instandhouding en ontwikkeling van die volk en as grondslag van die vervulling van die verdere funksies (soos hieronder uiteengesit).

(iii) **Maatskaplik:** Na binne gerig, beteken die maatskaplike funksie van die gesin dat die saamlewe en onderlinge meebewering van die gesinslede versterk moet word ten einde vir elke gesinslid 'n primêre lewensverband te besorg. In daardie lewensverband moet die mens, veral die kind, in lewensdisipline gevorm word met die oog op sy eie ontwikkeling en selfverwesenliking met die oog op sy inpassing in die breër volkslewe.

Na buite gerig, kom die maatskaplike funksie van die gesin daarop neer dat die mens, veral die kind, in die maatskaplike lewensverband van die volk ingelyf moet word, m.a.w. die gesinsmens moet tot volksmens gevorm word.

(iv) **Opvoedkundig-kultureel:** Die opvoedkundige - kulturele funksie van die gesin behels o.a. die opvoeding van die kind in die lewenswaardes, rigting en aspirasies van die volk met die oog daarop dat hy hom in die volkseie kan inlewe en hom daarmee sal vereenselwig. Langs hierdie weg kan die kind gevorm word tot 'n ewewigtige mens met lewensinhoud, selfvertroue en volkstrous.

(v) **Godsdienstig:** Die godsdienstige funksie van die gesin kom daarop neer dat die mens, en veral die kind, gevorm en opgevoed moet word in die godsdienstbesef, geloof en gods-

dienstige waardes van die volk met die oog op die ewigheidsbestemming van die mens, en die versterking van die godsdienstige lewe van die volk.

(vi) **Nasionaal:** Die nasionale funksie van die gesin beteken dat die gesin van die volkslewe die taak het om in die diens van die volk te staan ooreenkomstig die nasionale strewe, m.a.w. die wyere volksbelange moet swaarder weeg as die engere gesinsbelange.

Ten grondslag aan bostaande funksiestelling lê die oorwegings dat die belange van die gesinsgeheel swaarder weeg as die belange van die gesinslid, terwyl die belange van die volksgeheel weer swaarder weeg as die belange van elke besondere gesin.

Die belangrikheid van die selfverwesenliking van die enkeling en die gesin word nie ontken nie, dog binne 'n bepaalde samehang bevorder.

Die funksiestelling berus verder op praktiese beleids-oorwegings. Daarom word daarop nadruk gelê dat die funksie-ervulling in die diens van die volk moet wees. Die godsdienstige aspek word egter nie ontken nie, nl. dat die funksie-ervulling tot die eer van God moet geskied.

DIE GESIN IN DIE VOLKSLEWE

In die wording van die Afrikanervolk was die gesin steeds van sentrale en fundamentele betekenis. Die egte Afrikaanse „familialisme” is iets landeliks en was die hoeksteen van die volksontwikkeling in die verlede. Die Afrikaner was steeds by uitstek gesinsmens en volksmens.

Dit is dus vanselfsprekend dat die gesinsbeleid in die Afrikaanse volksbeleid 'n sentrale plek moet inneem.

VAN PLAAS NA STAD

Die groot probleem waarvoor die Afrikaanse gesinslewe gedurende die afgelope twee geslagte te staan gekom het, is die bewerkstelling van die moeilike oorgang van die landelike na die stedelike. Hierdie oorgang was om die volgende redes moeilik:

(i) Dit het 'n byna algehele verandering van lewenswyse vereis.

(ii) Die Afrikaanse gesin moes in die stad sy heencome vind binne 'n maatskaplik-ekonomiese stelsel wat aan sy volksaard en

-ontwikkeling volkome vreemd was.

(iii) Die Afrikaner is nie alleen onsimpatiek nie maar ook vyandig behandel deur die vreemdelinge en hulle geesgenote wat in die stedelike ekonomiese-maatskaplike lewe die lakens uitgedeel het.

(iv) Daar is om so te sê niks positiefs en stelselmatig gedoen om die inpassing van die landelike gesin in die stedelike lewe te bevorder nie.

In hierdie oorgang het die Afrikaanse gesinslewe in die stad geweldige knoue gekry en in die Afrikaanse gesinsbeleid moet daarmee rekening gehou word dat in die stad 'n eg-Afrikaanse gesinslewe gevestig en opgebou moet word. Dit sal een van die vernaamste weë blyk te wees waarlangs die ver-Afrikaansing van die stadslewe bereik kan word.

In sover hierdie oorgang nog sal voortgaan, behoort dit nie ongekontroleerd te geskied nie en moet die inpassing in die stedelike lewe doelbewus bevorder word.

PROBLEME VAN STEDELIKE GESIN

Die Afrikaanse gesin het in die stadslewe met besondere probleme te kampe waarvan die volgende van die belangrikste is:

(i) In vergelyking met die landelike gesinslewe het daar 'n afname van inhoud en 'n inkrimping van funksieervulling plaasgevind, o.a. deur differensiasie in die arbeid en die vryetidsbesteding; ook deur vermindering opvoedingsfunksies, ens.

(ii) In samehang hiermee is die gesinslede in hoër mate ge-individualiseer, — iets wat nie van die landelike gesinslewe kenmerkend is nie.

(iii) Op grond van bostaande het die stedelike Afrikaanse gesinslewe nie soveel bestendigheid as die landelike nie.

(iv) Die vreemde stadsomgewing gepaard met uitheemse invloede het baie nadelig en denasionaliserend op die Afrikaanse gesinslewe in die stad ingewerk.

(v) Die inpassing in die stedelike arbeid is een van die grootste probleme van die Afrikaanse gesinslewe wat van landelike herkoms is.

Ook uit die voorafgaande blyk die noodsaaklikheid van die vestiging en opbouing van 'n eie en selfstandige Afrikaanse gesinslewe in die stad.

(Word Vervolg)

OSSEWABRANDWAG

GEBIED
A



WES-
KAAP-
LAND

DIE GEBIEDSRAAD VERGADER
en
DIE GEBIEDSLAERTREK WORD GEHOU
IN DIE
STADSAAI OP WELLINGTON

op SATERDAG, 19 FEBRUARIE, vanaf 9 vm.
Alle offisiere tot en met die rang van veldkornet moet teenwoordig wees. Onder-offisiere en Brandwagte kan met verlof van hul offisier die laertrek bywoon.

'N OPENBARE VERGADERING
word gehou om 8 nm. in die STADSAAI
SPREKER:

Die Komdt.-Genl., DR. J. F. J. VAN RENSBURG
* ALLE AFRIKANERS WORD HARTLIK UITGENOOI *

Wil Keeromstraat Sappe Maak ?

Reaksie van Held van Spioenkop

Kapt. Henri Slegtkamp D.T.D., Voortrekkerstraat 1, Middelburg Tvl., skryf:

Ek glo dat alle opregte Afrikaners die geskiedenis ken van die vyf Boerehelde wat as krygsgevangenes op 'n Engelse skip na Indië gestuur was. Hulle name mag nooit vergeet word nie; dit was Willie Steyn, wat ek persoonlik geken het, Louw en George Steytler, Hausner en Botha. Die vyf het die nag van die boot afgespring, deur 'n see vol haale geswem, en probeer om 'n vriendskaplike skip in die hawe te bereik. Hulle is van mekaar af, maar die Voorsienigheid het hulle gelei na 'n vriendskaplike Russiese skip waar hulle uitbundig gasvry ontvang is, en terwyl die Engelse na hulle soek, het hulle 'n skuilplek gekry in een van die „dummieskoorstene”. Hulle het veilig in Rusland aangekom, en vandaar na Holland en weer na Wes-Afrika en weer by die Boere-kommando's aangesluit en geveg tot die end van die oorlog.

Onder hulle was Louw Steytler, wat later N.P.-volksraadslid was, maar later as 'n Sap gesterf het.

Toe hom gevra is: „Oom Louw, jy was altyd so 'n sterk Nasionalis, hoekom is Oom dan nou 'n Sap?” was sy antwoord: „Ou broer, dr. Malan het van my 'n Sap gemaak”. En nou is Malan en sy raadgevers wat algemeen diskriminasie toepas, oënskynlik weer besig om Sappe te maak. Die hemel weet waar ek self sou gestaan het as dit nie vir ons O.B. was nie!

Ek sal my kruisie dus maar in die yskas bêre. Dokter Malan verstaan nog nie ons leuse: MY GOD, MY VOLK. MY LAND, SUID-AFRIKA, nie. Dis tyd dat hy dit leer.

Dr. Malan Dra Blaam

Mnr. P. Uys, Weimarstraat 7a, Parow, skryf:

Ek wil my dank uitspreek teenoor die manne aan die hoof van die Afrikanerparty vir die houding en die leiding wat hulle gegee het ten opsigte van die provinsiale verkiesing. Veral my dank aan mnr. Havenga.

Laat my toe om aan al die Brandwagte raad te gee: bly hierdie keer buite stemming en laat ons hulle wys hulle kan nie sonder die O.B. klaarkom nie. In Mei 1948 het ek vir mnr. Erlank, L.V., gesê dat ek vir hom sal stem op voorwaarde dat dr. Malan eers regmaak wat hy teen die O.B. gedoen het. Mnr. Erlank het te kenne gegee dat dr. Malan dit nie sal doen nie. Ek het toe ook aan hom gesê dat ek nie sal stem nie. Ongelukkig het duisende van my kamerade in die land dit goed bedoel en gaan stem met die gevolg dat dr. Malan vir genl. Smuts gelig het. Wat het julle daarvoor gekry? Niks anders as beskuldigings en beledigings nie!

O.B. GROTER GEVAAR

Laat ons O.B.'s nie een stem uitbring tensy daar op eerlike manier vrede gemaak word nie. Hoewel dr. Van Rensburg herhaaldelik uit sy pad gegaan het vir eenheid, het dr. Malan elke keer nog 'n verskoning gehad.

Daardie „swart gevaar” wat

voorgehou word is pure opswepery en geen oortuiging nie. As dr. Malan apartheid wil toepas moes hy dit ook eerste toegepas het in die werksplase van die Spoorweë waar wit en swart saamwerk. Dit lyk my dr. Malan sien 'n groter gevaar in die O.B. as in die „swart gevaar”. Ons is goed as stem-vee, maar moet minder regte hê as die kleurlinge en mag ook geen amp beklee nie. Dr. Malan het gesê hy kan sonder die O.B. klaarkom. Wil hy dan hê dat ons nou moet kom stem? Dit sal ek nooit doen nie.

As hy nou verloor is hy alleen daarvoor te blameer. Dan moet hy nie weer die fout by die O.B. soek nie, O.B.'s staan soos een man en bly buite stemming! — (Verkort, Red. O.B.)

Genl. Gouws se Dank

Genl. J. H. Gouws, Groblershoop, skryf:

My hartlike dank aan alle vriende sowel as O.B.-eenhede wat simpatie en belangstelling getoon het by wyse van briewe, telegramme of persoonlike besoeke toe ek onlangs in die hospitaal was as gevolg van 'n vliegtuigongeluk.

Veral wil ek melding maak van persoonlike briewe van die K.G., die A.K.G. (genl. Smith), en belangstelling van die Gebiedsleier, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl.

Voorwaar sulke selflose belangstelling in tye wanneer mens swak, magtelos en moedeloos voel is werklik hulp en ondersteuning waarmee mens selfs nog moeiliker omstandighede kan trotseer of liggaamlike pyn kan verduur en sterk bly.

Baie, baie dankie ook aan diegene, familie en vriende wat hulp aangebied of gehelp het, hetsy aan my vrou of myself gedurende die uiters moeilike tyd. My dank ook aan dokter en verpleegsters van Gordon Hospital. Ek hoop om eersdaags weer heeltemal te herstel.

Leë Huise Op Nedersetting

Mnr. Johann A. Landman, Pongola, oor Vryheid, Natal, skryf:

Op die Pongola-nedersetting waar die staat boer, en op die oomblik maar net een enkele nedersetter gevestig is, omring deur leë huise wat al 'n halwe leeftyd leeg staan terwyl daar duisende mense in ons land dakloos is, boer die regering blykbaar maar op die ou traan voort. Die skema is al vyftien jaar lank voltooi.

Die grofsmid wat die werk op die nedersetting gedoen het, is gedurende die afgelope oorlog oorlede, die natuur wat sy handlanger was het daarna die werk gedoen. Kort nadat die Malan-regering aan bewind gekom het, is die toedrag van sake onder die aandag van die betrokke L.V. gebring. Hy het by die Minister van Lande aangedring dat daar dadelik 'n witman in die plek van die natuur aangestel word. Daar was toe reeds 'n bekwame man wat vir die pos aansoek gedoen

Soos Ons Lesers Dit Sien

het. Aan laasgenoemde het die parlamentslid op 13 September 1948 geskryf dat die aanstelling een van die dae sal geskied.

Op 22 Oktober het die Sekretaris van Lande namens die Minister aan die applikant geskryf dat dit onmoontlik is om die betrekking op Pongola aan hom toe te ken. Die natuur is tot vandag (25 Januarie 1949) nog die grofsmid op Pongola-nedersetting. Blykbaar is dit die beleid van die Minister om eerder 'n natuur daar aan te hou as 'n blanke wat die O.B. ondersteun.

Hierdie saak wys vir my hoe min seggenskap 'n parlamentslid het. — (Verkort, Red. O.B.)

KOMMUNISTE HOU HUIS IN VAKBONDE SÊ MINISTER

In byna een-derde van die Unie se 215 geregisteerde vakbonde speel die Kommuniste 'n groot rol. In hierdie vakbonde sit Kommuniste in sleutelposisies en word dit deur Kommuniste oorheers, het die Minister van Arbeid in die volksraad verklaar tydens die bespreking van die regte en erkenning van vakbonde.

Die Minister het verklaar dat die Kommuniste in Engeland en in verskeie ander lande uit die vakbonde geweier word. En as dit in Suid-Afrika gedoen word, dan word dit deur mense gebruik as 'n gogga vir politieke doeleindes. Die vakbonde is versoek om hulle eie huis in orde te hou maar as hulle nie

hul eie huis in orde wil bring nie, sal die regering verplig wees om tussenby te kom.

Die een-derde van die vakbonde waarin die Kommuniste 'n groot rol speel, raak ongeveer 100,000 werkers. Die meeste van hierdie vakbonde is gemengde vakbonde.

NEHRU VRA MALAN OM ONLUSTE TE VOORKOM

Die Indiër, Pandit Nehru, het die Eerste Minister van Suid-Afrika versoek om stappe te doen om 'n herhaling van voorvalle soos die onlangse onluste in Durban te voorkom. Hy het daarby die hoop uitgespreek dat die kommissie van ondersoek wat aangestel is die grond-oorsake sal ondersoek.

Dr. Malan het geantwoord dat hy kennis neem van die versoek en alle inligting aan die sekretaris van die Indiese Hoë Kommissaris in die Unie sal gee.

Nehru het verklaar dat hy nie op hierdie stadium kritiek sal uitoefen nie maar sal wag totdat die verslag van die kommissie van ondersoek afgehandel is.

WITMAN SE SKULD

Terwyl Nehru amptelik swyg, lewer Indiër-leiers en koerante in Indië nog steeds kommentaar oor Durban. Nie een blameer die houding van die Indiërs of natuurlike nie maar skryf die oproer toe aan die optrede van „dr. Malan en genl. Smuts.”

Die hoop is uitgespreek dat die stryd nie sal lei tot verdeeldheid onder die natuurlike en Indiërs nie omdat dit die Malan-regering sal versterk. Die

VLIEGTUIGRITTE KAN KINKHOES NIE GENEES

Volgens intensiewe toetse wat in Stockholm uitgevoer is, kan lae lugdruk nie kinkhoes genees nie. Van die twintig kinders, wie se ouderdomme wissel van 3 maande tot 5 jaar en met 'n vliegtuig 10,000 voet in die lug geneem is, of in 'n kamer met lae lugdruk gehou is, het nie een tekens van beterskap getoon nie.

In Suid-Afrika is ook kinkhoeslyers met vliegtuie opgeneem omdat geglo word dat dit genesing bring.

Skandinawiese Verbond Misluk Rusland Dreig

Pogings van die Skandinawiese lande om 'n militêre pakt te vorm, het voorlopig misluk weens verskil van mening tussen Noorweë en Swede en ook as gevolg van inmenging en druk wat Noorweë tans van Rusland ondervind. Rusland wil eerstens verhoed dat die pakt tot stand kom en tweedens dat die pakt saamwerk met die Noord-Atlantiese verdedigingsbond.

Die samesprekings het in Copenhagen plaasgevind tussen die ministers van verdediging van Denemarke, Swede en Noorweë.

Noorweë is ten gunste daarvan dat die Skandinawiese pakt moet saamwerk met die Noord-Atlantiese verbond en dat die verdedigingsooreenkoms moet geskied binne die raamwerk van die V.V.O. Hy wil ook die versekering hê dat indien daar 'n aanval op Skandinawië gedoen word, die Noord-Atlantiese verbond hulle te hulp sal snel en wil ook weet tot watter mate Amerika hulle van wapens en voorrade sal voorsien. Verder wil hy ook hê dat die militêre leiers van Skandinawië en die van die Noordelike verbond onderling samesprekings moet hou.

DREIGEMENT

Hiervoor is Swede nie te vinde nie aangesien hy meen dat dit Amerika sou toelaat om in te meng in die sake van Skandinawië en dat dit vir Rusland 'n aansporing sal wees om sy grense nader aan Skandinawië te skuif, ten koste van Finland. Swede is bereid om dadelik tot 'n Skandinawiese verbond toe te tree maar dan moet dit alle bande breek met die groot moondhede.

Op die vooraand van die samesprekings het Rusland Noorweë versoek om sy standpunt te stel teenoor die Noord-Atlantiese Verbond. In diplomatieke kringe word hierdie versoek vertolk as 'n dreigement aan Noorweë en inmenging in die sake van Noorweë. Terselfdertyd is 'n aanval op die voorgename Atlantiese Verbond gedoen. Ingeligte kringe vertolk die Russiese aanval as 'n poging om te verhoed dat die samesprekings tussen die Skandinawiese lande slaag.

BESTEL ALTYD ALLE

- KANTOORBENODIGDHEDE
- KANTOORMEUBELS
- SKRYFBEHOEFTES

BY

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

DIE KIESKEURIGE MAN

GAAN VIR SY KLERE NA



omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.

SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTE-LAND IN DIENS GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisings:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

VERLOWING

VAN HEERDEN—DE VILLIERS.—Die verloving word bekend gemaak van Muriel, dogter van mnr. en mev. A. de Villiers, Brandwacht, en Bennie, seun van mnr. en mev. Van Heerden, Murraysburg. 9/2/1B

ALGEMEEN

KNOPE OORGETREK teen 2/3 per dosyn vir 1/-, 6d. en 3d.-grootte. Stuur u materiaal, bestellings en geld aan Mev. Potgieter, Bertramsweg 11A, Troyeville, Johannesburg. 22/12/6B

BOERMEEL

Boermeel op ons bekende steen-meule gemaak 23/4 plus bankkommissie per 100 pond sak k.m.b. Mission Store, Elm, K.P. 12/1/TK.

BOME PLANTE EN SAAD

Goewermentsgesertifiseerde Groente- saad: Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6. Skorsies Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Paateipapontjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatmoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblote Tamatie- saad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMEERS, F.K. Schoemanshoek.**

UIESAAD: Vars gesertifiseerde uie- saad. Australiese Bruin, 8/-; Copper King, 8/-; vroeë Kaapse Plat, 9/-; en Kaapse Strool, 9/-; Chantenay Wortel, 7/6; Detroit en Egiptiese Plat Beet, 6/-; Bestel dadelik: Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.

MEDISYNE

GRYSHARE binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Behandele alle siektes. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr. (3)

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen bilikere pryse. Babawaentjies, stoot- karretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits- aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luid- sprekerdienste op enige plek, asook vir versterkte, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EENS.)**, BPK., Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

TE KOOP

GEDROOGDE VRUGTE. — Barry- merk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-kassies. Appel- ringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8 1/4; Rosyne, 3-Diamant, 10 1/2 d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslis verkygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUKERDE VRUGTE. — Barry- merk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kassie, posgeld betaal in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsae. Verdere besonderhede verkygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

TE KOOP

PLAAS TE KOOP — 2.000 MORGE: Op grens van Unioland en Willowmore pragtige water plaas uitlopend vir bome, lusern, saaiery, plantery; vir vee, beeste en perde teel; plaas is beplant met omtrent 2.000 verskillende soorte vrugtebome en duisende kan nog aangeplant word. Volop water — vaste lopende water, geen beurte. Groot populierbos en groot doornveld op plaas.

Plaas is twee kante met proef en twee kante stock proef omhein. 1 groot woonhuis: 9 vertrekke. 1 groot woonhuis: 6 vertrekke. 1 groot waenhuis geskik vir 4 karre. Vir verdere besonderhede tree in verbinding met L. S., Poskantoor De Vlaakte, Oor Willowmore. 9/2/3

TE VERKOOP

Varsfontein — dStrik, Beaufort — Wes: 5.000 morge. Groot gerieflike woon- huis, drie kampe, 2 wendamme, fontein, windpomp, sterk boorgat met enjin, tuine, omheining bloksteisel. Wilger- bosch-rivier loop oor plaas. 14 myl van Merweville aan berge se kant. Veld goed. Doen aansoek by: John D. Crawford en Seun, Afslaers, Bus 25, Beaufort-Wes. 9/2/1

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komde. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

STEENMAAKMASJINE. — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 1/2 dm. x 3 dm. teen f30, of f20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen f5 ekstra. V.o.s. Hoffeldstasie. Hand- elsnawre word verveelkom. Om be- sonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjien (S.A.)**, Agentkappe, Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

DAMESHOEDE,
modieus en deftig,
by

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

G.A. FICHARDT
Bpk.
HANDELAARS
BLOEMFONTEIN

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE,
EIER en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

WAPENS EN AMMUNISIE
van alle soorte

Groot voorraad .22-Gewere

Manie de Villiers,
Plaza-Toiletsalon,

Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161 28/8/TK

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van

ELEKTRIESE APPARAAT

(Onderneem ook yskasherstel- werk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabriek)

Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

POLITIEKE
BERIGTE

Weens 'n misverstand is verlede week in gebreke gebly om te vermeld dat alle verantwoordelike vir alle politieke berigte in die betrokke uitgawe aanvaar is deur W. R. Laubscher, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

NUWE HOOF
VAN YSKOR

Die regering het besluit om dr. F. Meyer, tans werksbestuurder van Yskor, aan te stel as voorsitter van die Yskorraad in die plek van wyle dr. H. J. van der Bijl. Mnr. A. M. Jacobs is aangestel as nuwe hoof van Escom. Dr. van der Bijl het albei hierdie betrekkinge beklee, maar dit word voortaan geskei.

Die koste om 'n huis in die Kaapse Skiereiland te bou het gedurende die afgelope tien jaar meer as verdubbel. Diegene wat in Johannesburg wil bou, moet 153 persent meer betaal as in 1938. In die Vrystaat is die koste 84 persent meer as in 1938.

Apartheid
In Volksraad

'n Berig in die Suiderstem, die V.P.-orgaan in Kaapland, dat daar nie apartheid tussen die blankes en nie-blankes in die volksraad gehandhaaf word nie, het die afgelope week 'n verklaring van die Speaker, mnr. Tom Naude, uitgelok.

Die artikel wat onder die opschrift „Geen apartheid in hoogste Raadsaal,” verskyn het, verklaar dat nie-blankes dieselfde waskamers as die blankes gebruik en dat natuurlike sigarette in die gange loop en rook.

Mnr. Naude het verduidelik dat daar alle voorsorgmaatreëls getref word om die rasse te skei en dat die beleid in die toekoms gehandhaaf sal word. Amptenare wat met die toesig belas is, het ontken dat die bewerings van die blad rekening hou met die toedrag van sake.

H.N.P. WIL TOETS

(Vervolg van
bl. 1, kol. 5.)

die Transvaler wat met vet letters aangekondig het: „H.N.P. weier O.B.-kandidate”. Ons noem hierdie saak sodat u kan vasstel dat die O.B. se weer- gawe korrek was. Die O.B. moet die waarheid praat, want hy beskik nie oor dagblaai wat een dag hierdie onjuistheid en die volgende dag daardie onjuistheid kan verkondig, om die Afrikanerdom te verwar nie.

IN DIE BRESSE

„Die O.B. het in die bresse getree vir John Vorster en Louis Boothe. Hulle is Republi- keine en goeie nasionaliste. Hulle het op partypolitieke gebied die leiding van Mnr. Havenga aanvaar, maar tenspyte hiervan was hulle nie vir die H.N.P. aanneembaar nie, en ons het by hulle gestaan soos ons deur al die jare by elke Afri- kaner probeer staan het. Ons het ge-eis dat H.N.P.-kandidate wat O.B.-steun verlang, moet onderneem om hulle te be-ywer teen alle besluite wat diskrimi- nasie teen die O.B. be-oog.

„Nagenoeg veertig H.N.P. kandidate het sulke onderne- mings gegee, en in daardie kies- afdelings het die O.B. vir hulle gewerk en gestem.

NOGEENS

„By die aanwysing van kandi- date in kiesafdelings wat in die aanstaande Provinsialeraads- verkiesings deur die Afrikaner- party beveg sou word, is weer- eens van H.N.P.-kant beswaar gemaak teen kandidate wat ook lede van die O.B. is, naamlik teen Mnr. Max Smuts (Paarl), Francis Robertson (Mosselbaai) en Michiel Eloff (Ventersdorp).

„Daar bestaan nie so 'n ding soos 'n O.B.-kandidaat nie. Die O.B. stel nie kandidate nie. O.B.-lede wat aangesluit het by die Afrikanerparty staan onder leiding, en onder die dissipline van die Afrikanerparty.

„Die Ossewabrandwag tree weer in die bresse vir drie kamerade wat Republikeine en goeie nasionaliste is, en hulle op party-politieke gebied aan die leiding van mnr. Havenga onder- werp het.

GEVOLGTREKKINGS

„As gevolg van die volgehoue vyandskap van H.N.P.-kant teen die O.B. tenspyte van die klaar- blyklike noodsaaklikheid dat ons die grootste mate van eensge- sindheid moet bereik, kan ons nie anders as tot die gevolg- trekkings kom:

● Dat die kwessie van O.B.- lidmaatskap doelbewus deur die H.N.P. bygesleep is by die onder-

Paarl se A.P. steun
Havenga

Geen Deelname aan Verkiezing

Die Afrikanerparty in die kiesafdeling Paarl het besluit om nie aan die provinsiale verkiesing deel te neem nie. Hierdie besluit is op 31 Januarie geneem tydens 'n A.P.- vergadering waarvan mnr. Danie Basson, hoofbestuurslid van die Party, voorsitter was. Mnr. Basson wat hierdie mosie voorgestel het, het die houding van die H.N.P. ten opsigte van A.P.-kandidate wat ook lid is van die O.B., sterk afgekeur. Mnr. Herman le Roux het sekondeer.

Nadat die A.P. se houding ten opsigte van die provinsiale ver- kiesing bespreek is, het mnr. Basson die volgende mosie voor- gestel: „Hierdie vergadering van lede en bestuurslede van die Afrikanerparty kiesafde- ling Paarl spreek sy diepe teleurstelling uit oor die beleid van diskriminasie teen mede- Afrikaners en bondgenote wat

deur die leiers van die H.N.P. gevolg is toe hulle geweier het om Afrikanerparty-kandidate te ondersteun wat ook lede van die O.B. is.

„Die vergadering het met waardering kennis geneem van die optrede van sy leier, mnr. N. C. Havenga, wat onder die omstandighede liewer die A.P. aan die verkiesing onttrek het as om sy genomineerde kandi- date in die steek te laat.

„Derhalwe betuig die ver- gadering volle vertroue in min. Havenga en die beleid wat hy aangekondig het en besluit die vergadering om op geen wyse hoegenaamd deel te neem aan die komende provinsiale ver- kiesingstryd in die Paarl nie.”

WAARDERING

Ds. J. A. Pienaar van Ceres, voorsitter van die A.P. in Wes- Kaapland, het verslag aan die vergadering gedoen oor die A.P.-kongres asook van die hoofbestuursvergadering wat op 11 Desember 1948 in Johannes- burg gehou is. Hy het A.P.- lede aangemaak om te staan by hul leier en die beleid wat hy neergelê het.

Mnr. André du Toit het die waardering van die Paarlse Afrikanerparty teenoor mnr. Max Smuts, wat genomineerde kandidaat van die Party was, uitgespreek. Hy het ook sy dank uitgespreek vir die bereid- willigheid van mnr. Smuts om die vaandel van die nasionale Afrikanerdom te dra. Hoewel die H.N.P.-leiding onwillig was om hom te ondersteun, het die vergadering opnuut sy vertroue in mnr. Smuts betuig.

In sy bedankingswoord het mnr. Smuts 'n beroep gedoen op die aanwesiges om hydraes te gee om die Party se fondse te sterk sodat daar georgani- seer kan word.

„Na afloop van die vergadering het lede en goedgesindes byna £100 vir hierdie doel gestort.

EERBAARHEID

● Dat wanneer helfte van die parlementêre verteenwoordigers van die H.N.P. sonder meer hul gegewe woord teenoor 'n organi- sasie van mede-Afrikaners breek, dit een van die twee dinge beteken:

Hulle is bevrees vir die gevolge indien hulle hul woord gestand doen wat beteken dat hulle onder 'n party- diktatuur staan, OF die waar- de van die gegewe woord het geen betekenis meer in ons openbare lewe nie, en die eerbaarheid en fatsoenlikheid wat altyd met die nasiona- lisme van ons Volk gepaard gegaan het, word deur die modder gesleep. As ons dan nie aan ons eie volksgenote getrou kan wees nie, hoe durf ons verwag dat ander sal aan- neem dat ons teenoor hulle getrou sal wees.”

(Berig deur B. Grobler, De Villiersstraat 15, Johannesburg.)

AMERIKA EN BRITTANJE

het Rusland opnuut daarvan be- skuldig dat hy Russiese vroue verbied om die land te verlaat om na hul mans in die buite- land te gaan. Die Britse afge- vaardigde by die V.V.O. het die vergadering meegedeel dat Attlee, Bevin en Montgomery aldie tevergeefs pogings by die Kremlin aangewend het om toe- stemming te kry dat die Rus- siese vroue na hul Britse mans kan gaan. Amerika het ver- klaar dat 350 Russiese vrouens en 65 mans verbied is om Rus- land te verlaat. Daar is ook 826 mense wat aanspraak maak op Amerikaanse burgerskap, maar wat verbied is om uit Rus- land te gaan.

Rusland se antwoord op die beskuldiging was dat die vroue maar moet skel.

ADVERTEERDERS IN „DIE O.B.” IS MENSE
WAT ONS ONDERSTEUN. DINK ONS OOK

DAARAAN OM HULLE TE ONDERSTEUN?

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 9 FEBRUARIE 1949

Gaan Monument Inwy

Boerejeug offisiere van die Skiereiland het onlangs 'n baie geslaagde vergadering in die O.B.-Vriendskapsentrum gehou. Komdte. A. Cloete het opgetree as Voorsitster. Ons het die voorreg gehad om Hoofkomdt. Ben Pienaar ook daar te hê en sy waardevolle raad was tot veel hulp.

Aan die einde van die jaar word die Voortrekkermonument by Pretoria ingewy en die Boerejeug is van plan om daar te gaan laertrek. Met die oog hierop is die vergadering dan ook belê waar voorbereidings vir die einde van die jaar bespreek kon word.

Daar is besluit om soveel naweek-laers as moontlik te reël waar sekere laer seremonies beoefen kan word. Ons sal selfs Saterdagmiddae en vakansiedae na 'n geskikte terrein gaan waar ons dinge van belang kan behandel. Komdt. Pienaar het voorgestel dat ons een naweek iets neem soos bv. vlagparade, en dit goed oefen. Volgende keer miskien weer wagte wisseling. Op die manier sal ons kans kry om almal deeglik afgerig te word. 'n Komitee is gekies wat die program vir die jaar moet reël. Hulle moet besluit wanneer die laertrekkings gehou sal word en wat daar gedoen gaan word.

FUNKSIES

Daar is ook besluit om dadelik te begin met die reël van funksies. Ons werk hierdie jaar nie vir 8 Augustus-fonds nie maar vir 16 Desember-fonds. Alle gelde wat ingesamel word gaan om die reiskoste en ander onkoste van laergangers te help dek. Die veldkornette het besluit om mekaar onderling te steun en 'n komitee is benoem wat oor die datums van funksies moet besluit. Komdt. Pienaar het gesê dat dit wenslik is dat almal teen daardie tyd hul uniforms sal hê. Dit sal swak wees as ons daar kom en 'n klomp kinders kry in bont klere. Die seuns wat nog nie hulle uniforms het nie kan gerus aan Boerejeug hoofkwartier skryf.

'N FOUT

Dit spyt die Redaksie dat daar in ons vorige uitgawe 'n fout ingesluip het. Die prysweners op die Franschhoek-laertrekking was as volg:-

(1) Seun en dogter wat die beste vordering gemaak het op die laer: Jan du Toit, (MRB) (Kapaad), Lorraine Wolfaardt (Kapaad).

(2) Eerste pryse vir komberse opvou: Karien Belstedt (Paarl), Gideon Tredoux (Tiervlei).

Tweede pryse vir komberse opvou: Maria Groenewald (Caledon), Fanie Hugo (Tiervlei).

(3) Pryse vir die netjiesste tent:

DOGTERS: Maria Groenewald (Caledon), Lulu Groenewald (Caledon), Helene Tredoux (Tiervlei), Susan Smit (Malmesbury).

SEUNS: Kobus Hanekom (Paarl), Hennie de Wet (Rawsonville), Frans Joubert (Paarl), Dennis du Toit (Worcester), Fanie Hugo (Tiervlei), Albertus Nel (Tiervlei).

Ons vra nogmaals om verskoning.

BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

Hoe lyk dit of die vakansie julle so 'n bietjie lui gemaak het? Werklik, net een flukse dogter het van haar laat hoor. Baie dankie Susanna, ons hoop die ander volg jou voorbeeld, sodat ons sommer volgende keer lekker kan gesels. SUSANNA OELOFSE, JUDITHSTRAAT 1, KORSTEN, PORT ELIZABETH, is 13 jaar oud en 'n Asst.-Veldkornette. Sal maats aan haar skryf?

UIT NEDERLAND

'n Jeugveldkornet skryf:- Geagte Redaksie, Ek het so 'n interessante brief van my Nederlandse korrespondent (ek het hom deur middel van „Die O.B.” bekom) ontvang dat ek dit op prys sal stel as u dit kan publiseer sodat ons Boerejeug kan sien wat daar met die Jeug van Nederland gebeur het tydens die oorlog.

Hy skryf as volg: Ek was ook lid van 'n jeugbeweging, die Dietse Blauwvoetvriende. Hierdie jeugbeweging het openlik gewerk onder die Duitse besetting maar is na die sogenaam-Engelse bevryding ontbind deur die huidige Belgiese regering. Al die lede van die beweging is gearresteer, die meeste is ge-

slaam, gemartel en gedood. Ander is of doodgeskiet of in Belgiese konsentrasie-kampe opgesluit. 'n Groot gedeelte is nou aan hulle eie lot oorgelaat en die publiek vermy hul.

DIETSE IDEAAL

Tans is daar 'n ander jeugbeweging (waaraan my vriend ook behoort) „Je Maintiendrai”, wat hom beywer vir hul selfbehoud, die Nederlandse taal en kultuur, „en in geest heel dicht bij Zuid-Afrika staat”. (sy eie woorde). In Brussel (geleë in die Nederlandsprekende deel van België) word daar gereeld Suid-Afrikaanse sangaande gehou en die Nederlandse jeug is baie entoesiasies daaromtrent.

Dit sou miskien met die toestemming van die Boerejeugleiding goed wees as daar 'n nouer verband kan bestaan tussen ons bewegings. Ons moet 'n egte broedersband smee en werk vir ons Dietse ideaal. Werk vir ons ideaal buite en bo die party-politiek. So word ons groot.

Maats, dit is darem lekker om te weet dat in 'n ander land daar ook mense is wat soos jy voel, nie waar nie?

Boerejeug-groete.

Redaksie.

Wenke

Ons Reël 'n Staptoer

(1) Kies 'n geskikte tyd van die jaar. Nie die warmste en ook nie natste nie.

(2) Verkry 'n kaart van die deel wat u wil besoek en waarop die pad waarlangs u wil stap aangedui word. Bereken die afstand. 'n Mens stap ongeveer 3 tot 4 myl per uur, dus kan u dit so bewerk dat u by water is wanneer u „afsaal”.

(3) Stap ongeveer 15 myl per dag want dit is tog nie ons doel om ons dood te loop nie.

(4) Dit is wenslik dat elkeen vooraf weet wat sy pligte gaan wees.

(5) Sorg dat die bagasie van elke lid nie meer as 40 pond weeg nie. Tente is nie nodig nie, aangesien ons tog nie in die reën-seisoen gaan stap nie.

(6) Die voete is die belangrikste. Smeer hulle reeds 14 dae voor die tyd elke aand met brand-spiritus in. Dit help om die vel hard te maak sodat blare nie gevorm word nie. In-

dien blare wel ontstaan, plak dadelik 'n stukkie hegpleister daarop.

(7) Dit is nie nodig om potte en panne saam te neem nie. 'n Paar groot konfytblikke is ideaal in die plek van 'n pot. Oor die kos kan self besluit.

(9) Onthou, ons gaan op 'n staptoer. Moenie gebruik maak van die gasvryheid van motoriste nie.

Inspeksie

Hou so af-en-toe inspeksie wanneer u 'n tuisbyeenkoms het. Dit werk ordelikheid en dissipline in die hand en dit moedig ons lede aan om presies en netjies op hulle klere te wees. Dit sal ook verhoed dat daar op elke laertrekking kosbare tyd afgestaan moet word om te verduidelik wat verwag word wanneer inspeksie gehou word.

„HIERVAN EN DAARVAN”

Dienslaer

Onder die voorsitterskap van Veldkt. Jannie du Toit is daar onlangs 'n dienslaer in die Skier-eiland gestig. Die groep staan streng onder Boerejeug-dissipline en dit is dan ook een van die voorwaardes as jy wil aansluit. Die ledetal tel glo iets oor die sewentig.

Die Dienslaer het so pas 'n antwoord van die Stadsraad gekry waarop hul aanbod om met die bestryding van bosbrande te help, verwelkom word.

Een van die interessantste pligte van die groep is seker met die aanwys van sitplekke voor die groot stoeigevegte in die Stadsaal. 'n Lid het die voorreg om minstens eenkeer 'n maand te gaan kyk hoe Manie Maritz of Willie Liebenberg hul teenstanders karnuffel. Ja nee, dis definitief werd om by hierdie vertakking van die Boerejeug aan te sluit!

Onthou

H/Komdt. Ben Pienaar wil offisiere van Gebied A daaraan herinner dat alle verslae, uitstaande 8 Augustus inbetalings en ledegelde vir die jaar nie later as 21 Februarie by die Hoofkwartier moet wees nie. 'n Omsendbrief met besonderhede vir die jaar se program kan binnekort verwag word. Intus-

sen moet offisiere funksies reël en 'n ernstige poging aanwend om die „16 Desember-fonds” sterk te maak. Laat ons sommer nou begin.

Tonteldoos

Boerejeug-lede wat op die Franschhoek-laertrek was sou seker al gewonder het wat van die laaste „Tonteldoos” blaadjie geword het. Al wat gebeur het is dat nadat alles klaar getik en geteken was, het klein Rian Visser met die „drukkers” op loop gesit. Intussen het Kaapstad-sentraal 'n nuwe afrolmasjien bekom en daar word weer ywerig aan „Tonteldoos” gewerk. Ons hoop om aan elke laerganger 'n kopie te pos. Indien daar ander Boerejeuglede of selfs ouers en vriende is wat graag een sou wou hê kan u maar net u adres aan ons stuur.

'n Geskenk

Die Boerejeug, Kaapstad-Sentraal het onlangs 'n groot geskenk van mnr. W. de Beer van Kaapstad, ontvang. Dit is 'n byna nuwe afrolmasjien. Daarby het hulle ook 'n hele voorraad drukkers-ink en waspapier van mnr. de Beer ontvang. Hulle spreek graag hulle waardering teenoor mnr. de Beer uit.

CALVINISME IN O.B.

(Vervolg van bl. 3, kol. 4)

vattend en genoegsaam, onderworpe aan die erkenning van die Goddelike beskikking.

„Die idee van 'n volksbeweging vir die Afrikaner inheems, dit wortel in sy geskiedenis. Hy is al jare lank besig om daardie idee organisatories te beliggaam, buite die partypolitiek om. Op kulturele gebied verteenwoordig die F.A.K. 'n vasberade doelbewuste strewe wat die stilswygende steun van die volk geniet, periodiek by wyse van 'n kongres getoets. Op ekonomiese gebied tree die Reddingsdaad-bond min of meer op dieselfde manier op, alhoewel dit 'n landswye organisasie met 'n groot ledetal is. Die lede speel egter geen besondere aktiewe rol nie. Die F.A.K. neem sy taak baie breed op. Van hom het o.a. 'n aksie vir C. N. O. uitgegaan, asook 'n kongres oor rasseverhoudings. Hy het die inisiatief geneem by die stigting van verskeie „Institute”.

PARTYE VETO

„Op die manier is en word kostelike werk verrig. Maar 'n uiters essensiële element ontbreek, nl. die staatkundige. Daar is geen aksie van volksbelang wat nie sy volkspolitieke sy het nie. Dit het met name die Uitvoerende raad van die Rdb. baie spoedig ingesien en gevolglik aan 'n deskundige komitee opgedra om 'n ekonomiese beleid vir die Afrikanervolk uit te werk. Hierdie taak is deur die komitee skitterend verrig... maar deur die partypolitieke leiding geveto — dis hulle terrein. Vergelyk hiermee die H.N.P.-verbod aan die O.B. om 'n staatsbeleid te verkondig. Die hele saak kom hierop neer dat die Afrikaanse volk op verskillende terrein begin het om sy kragte in te span ten einde ons menigvuldige volksprobleme te bestudeer, maar dat hy op sy vingers getik word sodra hierdie studie uitloop op die formulering van die toekomsbeleid, en dit wel deur 'n partypolitieke leierkorps wat spreekwoordelik nie altyd oor die bekwaamste en mees versierende personeel beskik nie.

ELKE 5 JAAR

„Ons seksionele volksorganisasies het die verdere nadeel dat

hulle slegs 'n sekere klas persone trek. Dit het as gevolg dat sekere persone oormatig ingespan word, terwyl die volksmassa by geen enkele volksverksaamheid betrek word nie, behalwe die periodieke stemveebedrywigheid. As die partypolitiek maar wil verdwyn, of ten minste aan die O.B. die taak en voorreg wil gun om hierdie volksgenote en werksaamhede te koördineer en te dissiplineer in 'n omvattende volksorganisasie wat oral as spoorslag kan dien tot 'n intelligente belangstelling in, en 'n studie van volks- en landsprobleme en tot die formulering van 'n gesonde beleid, sal uitvoering gegee kan word aan die eenheidsgedagte van die Eeufeesjaar toe daar nog geen sprake was van totalitarisme, van diktatorskap of van nasionaal-sosialisme nie.

Dit is die opvoeding van volwassenes wat ons nodig het, aangevul deur 'n gesonde Jeugbeweging soos die O.B. probeer verwesenlik. Alle eer aan die F.A.K. en die Rdb. — al is hulle vlerke geknip, tog het hulle al 'n Jansen, 'n Dönges 'n Stals en 'n Diedericks aan die politieke front gelewer — mense met 'n breër opleiding, uitkyk en ervaring as die bloot partypolitieke en dus manne van wie ons rede het om veel te verwag”.

CALVINISME

Ten slotte skryf prof. Van Rooy: „Vir die Calvinis was daardie organisasies nog nooit noot geslote terrein nie. Hy kon daar volgens sy beginsels optree en van sy hulp en raad is nog steeds gretig gebruik gemaak. So ook in die O.B. en sy Jeugbeweging. Dit ontbreek die Suid-Afrikaanse Calvinis waarlik nie aan geleentheid om sy standpunt te stel nie, dit ontbreek hom ook nie aan 'n simpatieke gehoor of medewerkers nie. Ons volk is Goddank nog Calvinisties alhoewel hy hom nie altyd konsekwent daarvan rekenskap gee nie. Te meer is dit ons plig om van aangebode geleenthede die volste gebruik te maak en ons as oortuigde Calviniste nie daaraan te onttrek nie. Dit sou 'n doperse dwaling wees”.

ONTHULLER VAN ROOI BEDROG IN HOF



Victor Kravchenko, die voormalige Russiese diplomaat in Kanada wat onlangs die mees onthullende boek oor Rusland, „I Have Chosen Freedom”, die lig laat sien het, is tans betrokke in 'n hofgeding met 'n Franse kommunistiese koerant na aanleiding van beweerde laster. Kravchenko se boek, waarvan uittreksels verlede jaar in Die O.B. verskyn het, het 'n sensasie veroorsaak omdat hy wat voorheen 'n vertroueling van die Kremlin was, die bedrog van die Kommunisme op meesterlike

wyse aan die kaak gestel het. Hoe lank hy nog die sluipmoordenaars van Stalin sal ontduik, is nie 'n uitgemaakte saak nie.

Drie-en-twintig Russe wat van agter die ystergordyn ontsnap het en tans as getuies gedagvaar is, het geen woorde om hul verbasing en bewondering uit te spreek vir die „wonder van Parys” en die geriewe wat hulle in die hotel vir verplaaide persone geniet nie. In Rusland het hulle nog nooit so iets gesien nie. 'n Korrespondent verklaar dat hulle na die warm wa-

ter krane staan en kyk soos kinders na 'n kersboom.

Onder die 23 getuies is vyf vroue, 'n voormalige generaal, 'n gewese militêre kommandeur van Leningrad en 'n Universiteitsprofessor. Hulle hoop dat die saak baie lank sal duur sodat hulle nie gou hoef terug te gaan na die kamp vir verplaaide persone nie.

Ons foto toon Kravchenko (links met hand in die lug) terwyl hy getuie afle. Die ander persone is amptenare van die hof.

APARTHEID OF AFSONDERING

Dit het gebruik geword in die Suid-Afrikaanse party politiek dat partye hul beleid ten aansien van spesifieke sake met behulp van 'n slagwoord aan die kiesers verkondig. Die mate waarin die enkele slagwoord by die kiesers inslaan bepaal dikwels die omvang van die steun wat die hele betrokke beleid van die kiesers ontvang.

Tydens en na die algemene verkiesing het die Verenigde Party verlangende oë gerig na die Herenigde Party se „apartheid”-woord; en daar het groot begeerlikheid in hul hart ontstaan na 'n soortgelyke effektiewe woord. Eindelik is die woord „afsondering” voortgebring. En voorvelede week het sowel die Eerste Minister as die Opposisieleier die woord in die parlement gebruik.

Op 'n vraag van mnr. J. J. Serfontein om iets mee te deel oor sy begrip „afsondering” het veldm. Smuts geantwoord:

„Afsondering is 'n beter woord as apartheid. Ek word beskuldig as die vader van die term apartheid. Ek is nie. Daar is nie so 'n woord nie. Dit is nie Hollands nie en dit is nie Afrikaans nie. Afsondering is die regte woord. Of jy dit noem afsondering of apartheid — dit is net 'n kwessie van bewoording.”

Hierop het dr. Malan tussen-gewerp: „Afhok sal nog 'n beter woord wees.”

Die O.B. verneem dat die vriendskaplike skermutselinkie oor die beste slagwoord sommige agbare lede heerlik laat lag het.

(vervolg van vorige kolom)
nege A.P.-kandidate wat deur die H.N.P. ingehelp is nie? En het mnr. Havenga nie persoonlik hierdie sogenaamde „ere-skuld” dubbeld en dwars betaal toe hy in antwoord op angstige noodoproep van kiesafdeling tot kiesafdeling gery het om sinkende H.N.P.-kandidate te red nie? En durf die H.N.P. nog van „ere-skuld” praat na die behandeling wat die A.P. in die Vrystaat van hulle gekry het?

Bowendien betaam dit H.N.P.-rubriekskrywers om die eer van die A.P. in mnr. Havenga se hande te laat.

„NASIE VERMOOR”

Wanneer „Dawie” by sy gemeenste stukkie kritiek kom skuil hy agter 'n digter om dit vir hom uit te spreek. Hy voorspel kantie dat 'n paar reëls uit 'n gedig van I. D. du Plessis dikwels in hierdie verkiesing gehoor gaan word. Die reëls lui:

„Maar die man wat sy deelname weier

„Is die man wat sy nasie vermoor.”

Indien „Dawie” reg voorspel beteken dit dat H.N.P.-propagandiste te dikwels in hierdie verkiesing gaan rondvertel dat mnr. N. C. Havenga wat die A.P. se „deelname weier aan die verkiesing, die man is „wat sy nasie vermoor.”

„Dawie” se stuk is 'n uitstekende voorbeeld van propaganda sonder die eienskappe van ware voorligting. Hierdie soort skryfery wek bittere gevoelens op wat beslis nie bevorderlik is vir Afrikanersamewerking nie.

(Verantwoordelike vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, aanvaar deur W. R. Laubscher, Grootse Kerkgebou 703, Kaapstad.)

LAFHARTIGE AANVAL OP MNR. HAVENGGA „Man Wat Sy Nasie Vermoor”

Die Afrikanerparty se uniale omsendbrief aan alle takke, waarin die amptelike houding van die Party in die komende provinsiale verkiesing uiteengesit word, het verlede Saterdag skerp kritiek in Die Burger, hooforgaan van die H.N.P., uitgelok van die redaksionele rubriekskrywer „Dawie”.

In die omsendbrief word besluite wat die A.P.-kongres verlede jaar op 1 en 2 Desember op Brakpan geneem het, die besluit meegedeel wat min. N. C. Havenga en sy Hoofbestuur op 'n spesiale vergadering op 11 Desember 1948 in Johannesburg geneem het, nl. dat die A.P. hom onttrek van enige deelname hoegenaamd in die aanstaande Provinsiale Verkiesings. Hierdie omsendbrief word uitgestuur in opdrag van die Uniale Dagbestuur van die A.P. Trouens die Uniale Voorsitter, mnr. Harm Oost, L.V., het self die stuk aan die pers vir publikasie oorhandig.

BRON VERSWYG

Inste van die ware bron van die omsendbrief te vermeld vertel „Dawie” aan sy lesers dat dit mnr. J. H. Richter, die hoofsekretaris van die A.P., se omsendbrief is. En om die indruk te onderstreep dat die omsendbrief mnr. Richter se eie stuk is en dat die beleid daarin aangegee mnr. Richter se eie mening is, sê „Dawie”: „In die betrokke omsendbrief skryf mnr. Richter dat die Afrikanerparty geen deelname hoegenaamd aan die provinsiale verkiesings sal neem nie.”

Die rede waarom die omsendbrief verkeerdelik aan mnr. Richter se adres geknoop word, kan maklik geraai word uit „Dawie” se gretigheid om aan sy lesers te vertel dat mnr. Richter hoofwaggeneraal van die O.B. is en dat hy onlangs deur dr. J. F. J. van Rensburg in sy amp heraan gestel is. Die suspisie is onvermydelik dat „Dawie” die indruk by sy lesers wil werwe dat dr. Van Rensburg eintlik agter die omsendbrief sit!

LAFHARTIG

Watter indruk „Dawie” ookal wil opwek is van minder belang. Dit is egter onmoontlik om te glo dat „Dawie” nie weet dat die beleid in die omsendbrief, neergelê is deur mnr. Havenga en sy Hoofbestuur op 11 Desember 1948 in Johannesburg nie. En wanneer „Dawie” hierdie beleid kritiseer is sy kritiek doelbewus teen mnr. Havenga gerig. Hoewel hy die Party se amptenaar slaan, moet mnr. Havenga eintlik die houe voel. Derhalwe is „Dawie” se kritiek nie alleen 'n aanval nie, maar boonop 'n lafhartige aanval op mnr. Havenga.

UITLOKKING

„Dawie” verklaar voorts dat sommige nasionaliste verbaas sal wees dat verduidelikings van die A.P.-beleid „nie skerpe nasionale reaksie uitlok nie. Dit is nogal Afrikaner-maniër om sonder te sê — en hardop te

sê — as jy van 'n man verskil, en voor jy weet, is daar 'n hele twis aan die gang.” As nasionaliste uit hierdie woorde van „Dawie” aflei dat hulle nou uitgenooi word om „hardop te sê” wat hulle geleer is om van mnr. Havenga te dink, ten einde „voor jy weet 'n hele twis aan die gang te sit”, kan niemand hul blameer nie. Want as hierdie woorde nie uitlokkend tot twis is nie, is dit baie na familie daaraan!

„ERE-SKULD”


Vervolgens het „Dawie” dit oor die A.P. se „ere-skuld”. En hy sê voorts dat „veral nasionaliste in kiesafdelings wat 'n lid van die A.P. na die volksraad gestuur het, kan praat van 'n „ere-skuld” wat by die provinsiale verkiesings betaal moet word.” Is dit nou die H.N.P. se propaganda waarmee hulle A.P.-volksraadslede wil omrokel om die neergelegde beleid van hul party te verontagsaam en hul leier in te steek te laat? Hulle moet die A.P. se „ere-skuld” betaal! Boonop veronderstel dit, eerstens, dat die H.N.P. die setels aan die A.P. „present gegee het,” en tweedens dat mnr. Havenga nie erkentelik genoeg is daarvoor nie. Dis 'n kostelike stukkie vermetelheid.

KANDIDATE GERED

Het die Afrikanerparty dan nie tydens die Algemene Verkiesing sewentig H.N.P.-kandidate help instem teenoor

(vervolg bo-aan kolom 4)

RADIO -- 'N BOER SE VRIEND!



DIE 6 VOLT Pilot TAFEL GRAMRADIO

5 gloeilampies met 9-lampie-sterkte • 5-band wyserplaat met 5 kleure • Bandverspreiding en „Recordograph”-instelling • Bandwyser en stasienamie op wyserplaat • Metaal roosterwerk voor spreker • Kristal grammofoonkop • Hooggepooleerde Okkerneuthoutkas • Standhoudende volumekontrolle • Automitiese afsluiter aan motor by automitiese model

KONTANT £47/15/-
TERME: Deposito van £6 en 24 maandelikse paaimeente van £2

Phil Morkel

6 TAKKE
POSBESTELLINGS-AFDELING:
POSBUS 2721 KAAPSTAD

POS
HIERDIE
KOEPE
DADELIK!

Aan: PHIL MORKEL, Posbus 2721, Kaapstad.
Stuur asb. besonderhede omtrent die PILOT 6-volt TAFEL GRAMRADIO.

NAAM.....

ADRES.....

OB 9/2